# Studentevraestel

*Saamgestel deur: H O D 4 — Studente van 1983, Onderwyserskollege, Oudtshoorn*

Voorbeelde van vrae oor:
Henri Dunant; Rowland Hill; Thomas Edison.
Handboek: Olivier, J.: *Junior Geskiedenis, St. 2.* Juta, Kaapstad, 1983.

**ONDERSTREEP DIE REGTE WOORD TUSSEN HAKIES.**

1. Henry Dunant sien duisende soldate ly te (Geneve/Mafeking/Solferino).
2. Voor Sir Rowland Hill se plan moes die (afsender/-ontvanger) die posgeld betaal.
3. Thomas Edison se eerste laboratorium was in 'n (trein/kelder/kamer).
4. (Eduson/Dunant) het 'n boek geskryf oor die soldate se lyding op die slagveld.
5. Die (Engelse/Switserse) regering het Hill se plan goedgekeur.
6. Die eerste seël wat gebruik is, was die Penny (Jack/-Black).
7. Toe Edison begin werk, het hy al gou die (dinamo/-telegraaf) verbeter.
8. Dunant het in die dorpie (Port Edison/Solferino) gesien hoedat die gewondes sonder hulp moes ly.
9. Dunant was 'n goeie man (omdat hy nie mense se lyding kon verdra nie/omdat hy al die dooies op die slagveld by Solferino verpleeg het).
10. Edison was die eerste mens (om 'n koerant op 'n trein te druk/om die telefoon uit te vind).
11. Wanneer soldate 'n voertuig van die Rooi Kruis op die oorlogsfront sien, (mag hulle maar huis toe gaan en ophou veg/mag hulle nie daarop vuur nie).
12. Hill is tot (ridder/sir) geslaan.
13. Dokters en verpleegsters moes tydens oorloë die herkennings (teken/swaarde) van die Rooi Kruis dra.
14. "Siamo tutti fratelli" beteken (kom ons staan saam/ons is almal broers).
15. Met Hill se stelsel, kon die briewe (duurder/-goedkoper) gepos word.
16. Die mense het die eerste seël die (penny blue/penny black) genoem.
17. Edison se eerste laboratorium was in die (kelder/-agterplaas/kombuis) van hul huis.
18. Voor Hill se plan, moes die (posbode/ontvanger/-afsender) die posgeld betaal.
19. Dunant het die lyding van die soldate by (Solferino/-Rome/Londen) gesien.
20. Die (Amerikaanse/Switserse/Engelse) regering het Hill se plan aanvaar.
21. Toe Edison begin werk het, het hy die (telegraaf/-gloeilamp/fonograaf) verbeter.
22. Edison se belangrikste uitvinding was die (rolprentprojektor/gloeilamp/telegraaf).
23. Dunant het die Rooi Kruis in (1860/1830/1864) gestig.
24. Edison het sy uitvinding in (Engeland/Amerika/-Genéve) gedoen.
25. Edison se belangrikste uitvinding was die (telegraaf/-dinamo/gloeilamp).

**BEANTWOORD DIE VOLGENDE VRAE:**

1. Waar reël Dunant en sy vriende 'n vergadering?
2. Watter regering anvaar Hill se plan?
3. Wat noem Edison die masjien wat klank kan opvang?
4. Wat het die mense die eerste seël genoem?
5. Wie help vandag as daar rampe is?
6. Wie moes die posgeld betaal voordat seëls gebruik is?
7. Wie was die eerste mens om 'n koerant op 'n trein te druk?
8. Wat het Edison eerste verbeter?
9. Wie het 'n boek geskryf nadat hy lyding in 'n oorlog gesien het?
10. Teenoor wie moet ons dankbaar wees noudat briewe goedkoper gepos kan word?
11. Waar het die soldate vreeslik gely in Henri Dunant se tyd?
12. Wat was Edison se belangrikste uitvinding?
13. Waar was Edison se eerste laboratorium?
14. Wat het Dunant geskryf nadat hy die lyding in die oorlog gesien het?
15. Wie (watter nasies) is almal uitgenooi na die stigtingsvergadering van die Rooi Kruis?
16. Watter werk het Rowland Hill in die eerste poskantoor gehad?
17. Wat moes dokters en verpleegsters van die Rooi Kruis tydens oorloë dra?
18. Waarom sou jy sê dat Dunant 'n goeie man was?

**VUL DIE ONTBREKENDE WOORD(E) IN:**

1. Dokters en .............................. moes tydens oorloë die herkenningstekens van die Rooi Kruis dra.
2. Hill was die wêreld se eerste ......................................
3. Edison se eerste laboratorium was in die ................... van hul huis.
4. Voor sir Rowland Hill se plan, moes die ..................... die posgeld betaal.
5. Switserland se lands-................... het ook 'n rooi kruis teen 'n wit agtergrond.
6. Edison se belangrikste uitvinding was die .................
7. Rowland Hill is tot ridder gelsaan en is toe ................ Rowland Hill genoem.
8. Toe Edison begin werk het, het hy die ....................... verbeter.
9. Dunant het 'n boek geskryf nadat hy al die ................ in 'n oorlog gesien het.
10. Volgens Hill se posstelsel, kon briewe nou ................ gepos word.
11. Alle ............................................. is uitgenooi om die stigtingsvergadering van die Rooi Kruis by te woon.
12. Edison was 'n baie nuuskierige seuntjie en het altyd baie ................................................................ gevra.
13. Edison was die eerste mens om 'n koerant op 'n ..........................................................................te druk.
14. Die eerste seël was die swart een .......................... seël genoem. Edison se eerste .......................... was in die kelder van hul huis.

15. Dunant skryf 'n ......................... na aanleiding van die wreedhede wat hy gesien het.

16. 'n ..................... seël moes buite an brief geplak word.

17. Edison verbeter die ..................................... telegraaf.

18. Dokters en verpleegsters moes tydens oorloë die ......................................teken van die Rooi Kruis dra.

19. Hill was in die eerste ......................... die posmeester.

20. Alle beskaafde nasies is uitgenooi om die stigtings .... in Genéve by te woon.

**SÊ OF DIE VOLGENDE STELLINGS WAAR OF ONWAAR IS.**

1. Edison was 'n Amerikaner.
2. Hill is tot ridder geslaan en is toe "sir" genoem.
3. Edison was 'n regte agie.
4. Dunant het ook die rolprentkamera uitgevind.
5. Alle beskaafde nasies is uitgenooi om die stigtingsvergadering van die Rooi kruis by te woon.
6. Edison was 'n baie nuuskierige seuntjie wat baie vrae gevra het.
7. Die Rooi Kruis verleen hulp in tye van rampe.
8. Edison het ook die fonograaf verbeter.
9. Die teken van die Rooi Kruis, is 'n rooi agtergrond met 'n wit kruis daarop.
10. Die sin "Siamo tutti fratelli" beteken: "Ons is almal broers".
11. Die posmeester-generaal was tevrede met Hill se planne.
12. Die eerste gloeilamp wat Edison ontwerp het, het vir 24 uur gebrand.

**GEBRUIK DIE WOORDE HIERONDER OM DIE SINNE TE VOLTOOI.**

Koningin Victoria; Edison; Rooi Kruis; Rowland Hill; Henri Dunant.

1. ............. verbeter die telegraaf.
2. ............. was die poskantoor se eerste posmeester.
3. ............. kon nie die mense se lyding verdra nie.
4. ............. help met rampe soos oorstromings.
5. ............. se kop verskyn op die "penny black".

**ONDERSTREEP DIE WOORD WAT NIE BY DIE ANDER PAS NIE.**

1. Dunant, Rooi Kruis, Genéve, Solferino.
2. Edison, Gloeilmap, Rolprentprojektor, Telegraaf.
3. Hill, Engeland, Amerika, Posseël.

**VUL IN BY NR. 1 DIE GEBEURTENIS WAT EERSTE GEBEUR HET.**
**BY 3 WAT LAASTE GEBEUR HET, EN BY 2 DIT WAT 2de GEBEUR HET.**

1. Dunant stig die Rooi Kruis.
2. Edison vind die gloeilampie uit.
3. Hill verbeter die posdiens.

**KIES UIT DIE NAME DIE EEN WAT BY ELKE SIN PAS EN SKRYF DIT DAN LANGSAAN NEER.**

Dunant, Edison; Hill; telegrafis.

1. Hy is tot ridder geslaan. ..............................................
2. Sy "laboratorium" brand uit. ........................................
3. Die persoon leer Edison om boodskappe met Morseskrif te stuur.

.....................................................................................................

4. Stigter van die Rooi Kruis. ..........................................

**LEES DIE ONDERSTAANDE GEDEELTE NOUKEURIG DEUR EN BEANTWOORD DAN DIE VRAE WAT DAAROP VOLG.**

Omtrent honderd jaar gelede het mense nog kerse gebruik. Hy het dus besluit om elektrisiteit ook te gebruik om lig te verskaf. Hy het 'n koolstofdraadjie gemaak en dié in die gloeilamp geplaas. Toe hulle die krag aanskakel, het dit vir meer as 24 uur gebrand. Dit nadat hulle 6 000 keer probeer het. Hy het die hele tyd daarna gekyk.

1. Oor wie handel hierdie gedeelte. (Skryf net sy van neer).
2 .Omtrent watter jaartal het mense nog kerse gebruik.
3. Het die man baie deursettingsvermoë gehad?
4. Waarom sê jy so?

**LEES DIE ONDERSTAANDE KOERANTBERIG EN BEANTWOORD DIE VRAE:**

# STAD VAN DIE ROOI KRUIS

*Samesprekings in Genève Volg op Dunant se Boek*

GENÈVE, 6 April, 1864. — Die Switserse regering het vanjaar 'n konvensie van alle beskaafde nasies in die stad Genève bymekaar geroep om die moontlikheid te bespreek dat gewondes en die dokters en verpleegsters wat hulle help, deur internasionale wette in toekomstige oorloë beskerm moet word. Daar word voorgestel dat as herkenningsteken die vlag van Genève, die rooi kruis teen die wit agtergrond, gebruik moet word. Die besef dat gewondes gehelp moet word, het ontstaan ná die verskyning van Henri Dunant se boek: *Un Souvenir de Solférino* wat in 1862 die lig gesien het. Gustave Moynier het toe, nadat hy getref is deur die beskrywing van die ellende van die soldate op die slagveld van Solférino, 'n nie-amptelike kongres in Genève belê, wat verlede jaar in Oktober hier vergader het. Dit het die belangstelling van die Switserse regering gaande gemaak en nou wend hulle pogings aan om internasionale samewerking te verkry.

*Bron: Nuusbode p286.*

1. Watter stad word beskou as die "stad van die Rooi Kruis"?
2. Op watter datum is die konvensie gehou?
3. Watter Regering het die verskillende lande bymekaar geroep?
4. Wie is getref deur die beskrywing van ellende van die soldate op die slagveld van Solferino?
5. Watter vlag is gebruik as herkenningsteken.?
6. In watter land is die stigtings-vergadering gehou?
7. Watter lande is uitgenooi na die stigtingsvergadering?
8. Wat moes die dokters en verpleegsters tydens oorloë dra om uitgeken te word?
9. Wanneer het die besef ontstaan dat gewondes gehelp moet word.
10. In watter dorp het soldate baie gely?

**LEES DIE BERIGGIE EN BEANTWOORD DIE VRAE WAT VOLG:**

# GLOEILAMPIE BRAND 48 UUR

*Belangrike Uitvinding van Edison*

MENLOPARK, 31 Oktober 1879. — Belangrike nuus het ons vandeesmaand bereik uit Thomas Edison se laboratorium, waar die eerste elektriese gloeilampie agt-en-veertig uur lank gebrand het. Hy het 'n elektriese stroom deur 'n verkoolde kamtoendraad laat loop wat deur glas van die omringende dampkring geskei word. Indien hy 'n ander materiaal kan vind wat meer duursaam is om die stroom deur te lei, sal hy 'n helder lig verkry wat langer brand. Baie mense soek na die oplossing van hierdie probleem.

*Bron: Nuusbode p304.*

1. Watter materiaal het Edison gebruik om die elektriese stroom te gelei?
2. Hoe lank het hierdie gloeilampie gebrand?
3. Waarom sal 'n duursamer materiaal baie beter wees (2 punte)?


**VOLTOOI DIE BLOKKIESRAAISEL:**

**Dwars:**


1. In die eerste poskantoor was Hill die (1).
2. Nadat Hill 'n stelsel vir die posdiens uitgevind het, kon die briewe (2) gepos word.
3. Voor Hill se plan moes die persoon wat die brief (3) het, die posgeld betaal het.
4. Die (4) regering het Hill se plan aanvaar.
5. Hill se plan was so goed dat hy tot (5) geslaan is.

**Af:**

1. Die eerst seël is ook die (1) Black genoem.
6. Die eerste seël is die (6) genoem.
7. Hill is nou (7) Rowland Hill genoem.





**GEBRUIK DIE TYDLYN OM VRAE 1 TOT 5 TE BEANTWOORD.**




1. Watter jaartal sal jy by (B) skryf?
2. Hoeveel jare het verloop vanaf (A) tot waar ons nou in die tyd staan?
3. Regoor 1830 verskyn 'n sketsie van 'n seël. Watter **van** sal jy daar kan skryf?
4. Wat sou die gepaste woord wees om by "Edison" op die tydlyn te skryf?
5. By 1863 verskyn 'n kruis. Aan watter naam laat dit jou dink?

**KYK NA DIE KAART EN BEANTWOORD DAN DIE VRAE:**



1. Skryf die nommer neer van die land waarin Rowland Hill gewoon het. ..........................................................
2. Wat is die naam van dié land? ....................................
3. Edison het sy gloeilamp hier uitgevind .......................
4. Hill se posseëls is by nr .............. vir die eerste keer gebruik.
5. Wat is by Genéve gestig?
6. Hier by nr ............. het Dunant gesien hoe gewonde soldate moes ly.

---

**KYK EERS NA DIE PRENTE EN VUL DIE KORREKTE WOORD IN:**





1. Wat is die naam van hierdie seël? ...............................
2. Watter koningin se prentjie verskyn daarop? .............
3. Hoeveel pennies het die seël in daardie dae gekos? ....
4. Dit is die wêreld se ....................... posseël, die Pennie .................., met 'n afdruk van Koningin .................. se kop. Hierdie seël kan vandag R10 000 kos, mits dit 'n ................................................................ afdruk is.
5. Noem 3 uitvindings van Edison.

.................................................................................

.................................................................................

..................................................



*(Wil ander kolleges nie hierop probeer verbeter nie? —* ***Red.)***